Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

REKENINGKUNDE

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en ’n 17-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae.

2. Beantwoord AL die vrae in die spesiale ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.

3. Waar van toepassing, moet bewerkings getoon word, om deelpunte te kan verdien.

4. ’n Nieprogrameerbare sakrekenaar mag gebruik word.

5. Jy mag ’n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te voltooi.

6. ’n Uiteensetting van die vrae word hieronder voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou

Vraag	Onderwerp	Kategorie	Punte	Minute
1	**Koste berekeninge –** koste begrippe en gelykbreek	Bestuursrekeningkunde en bestuur van hulpbronne	**45**	**27**
2	**Begroting –** Geprojekteerde inkomstestaat en interne beheer	Bestuursrekeningkunde en bestuur van hulpbronne	**40**	**24**
3	**Maatskappye** – Begrippe en finansiële state	Finansiële rekeningkunde en bestuur van hulpbronne	**70**	**42**
4	**Maatskappye** – Kontantvloei-staat Ontleding en interpretasie van verhoudings	Finansiële rekeningkunde en bestuur van hulpbronne	**60**	**36**
5	**BTW** en **Rekonsiliasies**	Finansiële rekeningkunde en bestuur van hulpbronne	**50**	**30**
6	**Voorraadwaardasie** en Interne Beheer	Bestuur van hulpbronne	**35**	**21**
		TOTAAL	**300 punte**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KOSTE-BEREKENINGE (45 punte; 27 minute)

1.1 Kies die koste-rekening uit die gegewe lys, vir elkeen van die uitgawes wat hieronder aangedui word.

Fabrieksbokoste; Administrasiekoste; Verkoops- en verspreidingskoste; Direkte arbeidskoste; Direkte materiaalkoste

1.1.1 Lone betaal aan werknemers, in die produksieproses

1.1.2 Die salaris van die fabrieksvoorman

1.1.3 Skryfbehoeftes in die kantoor gebruik

1.1.4 Vervoerkoste van grondstowwe wat by die fabriek afgelewer is

1.1.5 Tjekbetaling aan die *Daily Dispatch* vir advertensies (5)

1.2 **MASHLE ACCESSORIES**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Mashle Accessories vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015. Andie Dludlu is die besigheid se eienaar. Hulle vervaardig een tipe sak vir skootrekenaars.

OPDRAG:

Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015:

1.2.1 Totale Fabrieksbokoste (11)

1.2.2 Die Produksiekostestaat
Toon alle bewerkings om deelpunte te kan verdien. (16)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

A. **Voorraadsaldo's:**

	28 FEBRUARIE 2015	28 FEBRUARIE 2014
Grondstowwe in voorraad	123 450	114 600
Goedere in bewerking	101 400	142 400
Fabrieks-verbruiksgoedere	3 180	0

B. **Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015: (voor enige aansuiwerings)**

Direkte materiaal na die fabriek oorgedra	748 000
Verbruiksgoedere vir die fabriek aangekoop	31 080
Produksie-lone	532 000
Werkgewersbydraes vir fabriekswerkers	58 520
Salarisse: Fabrieksbestuurders (voordele ingesluit)	113 040
Verkoopspersoneel (voordele ingesluit)	57 060
Water en elektrisiteit	37 220
Versekering	14 820
Diverse uitgawes: Fabriek	21 840
` Verkoopsdepartement	9 710

C. **Addisionele inligting en aansuiwerings:**

- Die volgende inskrywing is uitgelaat uit die Produksie-loonjoernaal vir die laaste week van Februarie 2015:

Netto loon verskuldig aan werknemer	9 240
Totale aftrekkings vir hierdie werknemer beloop 23% van sy bruto loon	

  Die werkgewer betaal 10% aan die Pensioenfonds en 1% aan die WVF.

- 'n Bedrag van R3 280 was steeds uitstaande vir water en elektrisiteit. 75% van water en elektrisiteit word in die fabriek gebruik.

- Ingesluit by versekering is 'n addisionele premie van R2 220 wat betaal is vir die tydperk 1 Januarie 2015 tot 30 Junie 2015. Hierdie uitgawe word verdeel tussen die fabriek en die verkoopsafdeling in die verhouding van 3 : 1.

Kopiereg voorbehou

1.3 Naidoo se Speelgoedwinkel

Naidoo se Speelgoedwinkel vervaardig en verkoop teddiebere. Die rekenmeester het die inligting hieronder gegee, voorberei vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015.

OPDRAG:

1.3.1 Bewys dat die gelykbreekpunt vir 2015 korrek is, deur 'n berekening te doen. (4)

1.3.2 Verduidelik of Naidoo bekommerd moet wees oor die gelykbreekpunt vir 2015. Haal relevante syfers in jou verduideliking aan. (3)

1.3.3 Gee EEN rede vir die verandering in die direkte materiaalkoste per eenheid en die direkte arbeidskoste per eenheid. (4)

1.3.4 Gee 'n gepaste rede vir die afname in die gelykbreekpunt van 2014 tot 2015. (2)

INLIGTING:

Goedere word op bestelling vervaardig. Daarom het die besigheid nie saldo's vir goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar nie.

	2015	**2014**
Vaste koste	**R54**	**R53**
Fabrieksbokoste (per eenheid)	R36	R36
Administrasiekoste (per eenheid)	R18	R17
Veranderlike koste	**R120**	**R116**
Direkte grondstofkoste (per eenheid)	R52	R42
Direkte arbeidskoste (per eenheid)	R48	R55
Verkoops- en verspreidingskoste (per eenheid)	R20	R19
Verkoopprys (per eenheid)	**R172**	**R172**
Gelykbreekpunt (eenhede)	2 742	3 029
Aantal eenhede geproduseer	2 640	3 200

45

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: BEGROTING (40 punte; 24 minute)

Hieronder is 'n gedeeltelik voltooide geprojekteerde inkomstestaat wat deur die boekhouer van Dawn Distributors vir die tydperk 1 Oktober 2015 tot 31 Desember 2015 voorberei is.

OPDRAG:

2.1 Noem TWEE items wat in die gegewe Geprojekteerde Inkomstestaat verskyn, wat nie in 'n kontantbegroting sal verskyn nie. (2)

2.2 Vul die ontbrekende bedrae, aangedui deur **A** tot **E**, in die Geprojekteerde Inkomstestaat, in. (16)

2.3 Neem die addisionele inligting in ag en bereken die volgende:

2.3.1 Die persentasie verhoging in lone wat die skoonmakers in Desember 2015 sal ontvang. (4)

2.3.2 Die maandelikse salaris verskuldig aan die verkoopsbestuurder vir Desember 2015. (4)

2.3.3 Die totale kredietverkope wat vir Desember 2015 verwag word. (3)

2.3.4 Die saldo van die lening op 1 November 2015. (3)

2.4 Verwys na die werklike syfers vir **Waardevermindering-** en **Handelsvoorraadtekort** vir Oktober 2015. Voorsien 'n rede vir die verskil van die begrote syfers, vir elkeen. (2)

2.5 **Verwys na die werklike syfers vir Oktober 2015.**
Lewer kommentaar oor enige TWEE uitgawes (behalwe die items in VRAAG 2.4 genoem) wat nie goed deur die besigheid beheer word nie. In elkeen van die gevalle, moet jy die relevante syfers aanhaal en EEN voorstel maak oor hoe hierdie uitgawe meer effektief bestuur kan word. (6)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

A. Die besigheid gebruik 'n winsopslagpersentasie van 60% op koste van verkope.

B. Kredietverkope is 75% van totale verkope.
Hulle verwag dat verkope met 10% per maand en met 20% in Desember sal styg.

C. Die besigheid het 'n verkoopsbestuurder en 'n administratiewe bestuurder in diens. Die verkoopsbestuurder verdien R300 meer as die administratiewe bestuurder (per maand). Die bestuurders is geregtig op 'n verhoging van 8% p.j. vanaf 1 Desember 2015.

D. R20 000 van die lening is terugbetaalbaar op 30 November 2015. Rente op lening teen 9% p.j. is elke kwartaal betaalbaar. Die volgende paaiement moet op 1 Januarie 2016 betaal word.

E. Advertensieuitgawe per maand word teen 'n vaste persentasie van totale verkope begroot.

F. Inkomstebelasting word teen 30% van die netto wins voor belasting bereken.

G. **INLIGTING (ONDER ANDERE) VANAF DIE GEPROJEKTEERDE INKOMSTE-STAAT VIR OKTOBER TOT DESEMBER 2015.**

	OKTOBER BEGROOT	OKTOBER WERKLIK	NOVEMBER BEGROOT	DESEMBER BEGROOT
Verkope	120 000	98 400	132 000	?
Koste van verkope	75 000	58 800	**B**	99 000
Bruto wins	**A**		?	?
Ander inkomstes	20 700	18 200	20 700	21 200
Huurinkomste	10 000	10 000	10 000	10 000
Korting ontvang	1 200	1 000	1 200	1 200
Kommissie-inkomste	9 500	7 200	9 500	10 000
Bruto bedryfsinkomste				
Bedryfsuitgawes	48 300		?	?
Salarisse (bestuurders)	17 100	17 100	17 100	**D**
Lone (skoonmakers)	3 200	3 200	3 200	3 376
Onderhoud	4 000	1 650	4 000	4 000
Telefoon	2 000	4 280	2 000	2 500
Versekering	1 800	1 800	1 800	1 800
Advertensies	2 400	1 900	**C**	3 168
Waardevermindering	6 200	8 000	6 200	8 000
Handelsvoorraadtekort	0	680	0	500
Skryfbehoeftes	3 150	3 100	3 200	3 250
Diverse bedryfsuitgawes	8 450	8 420	8 500	8 550
Bedryfswins	17 400		?	?
Rente inkomste	225	200	200	200
Wins voor rente uitgawe	17 625			
Rente uitgawe	585	585	585	435
Netto wins voor inkomstebelasting	?		?	?
Inkomstebelasting	?		?	?
Netto wins	**E**		?	?

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: MAATSKAPPYE – FINANSIËLE STATE (70 punte; 42 minute)

3.1 Laat pas die begrippe in KOLOM A by die omskrywings in KOLOM B. Skryf slegs die letter teenoor die vraagnommer in jou ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A	KOLOM B
3.1.1 Bedryfsbate	A Verbandlening om die aankoop van nuwe vaste eiendom te finansier
3.1.2 Bedryfslas	B Verdeelbare reserwes soos Behoue inkomste
3.1.3 Finansiële bate	C Verbruiksgoedere nie gebruik aan die einde van 'n finansiële tydperk nie
3.1.4 Nie-bedryfslas	D Beleggings soos 'n vaste deposito teen 9% p.j. rente oor 'n 5 jaar periode
3.1.5 Ekwiteite	E Die bedrag verskuldig aan SAID vir inkomstebelasting

(5)

3.2 **AMALINDA BPK**

Die volgende inligting verskyn in die rekeningkundige rekords van Amalinda BPK vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015.

Die gemagtigde aandelekapitaal van die besigheid is 700 000 gewone aandele.

OPDRAG:

3.2.1 Voltooi die volgende notas tot die balansstaat op 28 Februarie 2015.

(a) Vaste (Tasbare) bates (15)
(b) Gewone aandelekapitaal (10)
(c) Behoue inkomste (12)
(d) Handels- en ander betaalbare bedrae
Let wel: Alle items wat deel vorm van Bedryfslaste in die Balansstaat, moet onder **Handels- en ander betaalbare bedrae,** getoon word (behalwe Oortrokke bank.) (8)

3.2.2 Bereken die netto batewaarde per aandeel (NBW) na die terugkoop van aandele op 27 Februarie 2015. (5)

3.2.3 Die maatskappy beplan om die oorblywende gemagtigde aandelekapitaal in die volgende finansiële jaar uit te reik. Die direkteure stel voor dat R7,20 per aandeel 'n billike uitreikingsprys sal wees.

(a) Watter faktore/finansiële aanwysers sal jy as bestaande aandeelhouer in ag neem, om te bepaal of R7,20 per aandeel 'n aanvaarbare uitreikingsprys is? Verskaf redes vir jou antwoord. (4)

(b) V. Slink besit 52% van die uitgereikte aandele op 28 Februarie 2015. Bereken die minimum aantal aandele wat sy moet koop om haar posisie as hoofaandeelhouer te behou. (4)

(c) V. Slink stel voor dat sy, as hoof-aandeelhouer, eerste opsie behoort te kry om die addisionele aandele te kan koop, voordat dit aan die publiek geadverteer word. Watter advies het jy vir die direkteure hieroor? (3)

3.2.4 Het die terugkoop van aandele enige voordele vir die maatskappy? Verduidelik. Verskaf TWEE redes. (4)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING

A. **Saldo's en totale (onder andere):**

	28 Februarie 2015	1 Maart 2014
Grond en geboue	2 500 000	0
Voertuie (kosprys)	562 500	?
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?	450 000
Toerusting (kosprys)	400 300	375 500
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	189 540	141 500
Gewone aandelekapitaal	?	2 924 000
Behoue inkomste	?	89 000
Krediteurekontrole	203 900	149 600
Verbandlening: Buck Bank	2 340 500	0
Aandeelhouers vir dividende	?	186 600
SAID: Inkomstebelasting	25 500 (Kt)	18 140 (Kt)
Opgelope inkomste	13 460	
Opgelope uitgawes	19 220	
Inkomstebelasting	281 400	
Gewone aandele dividende (interim dividende)	252 000	

B. **Vaste bates:**

- Op 1 April 2014, het die besigheid 'n verbandlening van R2 500 000 aangegaan om die nuwe geboue te kon koop.
- Op 1 Maart 2014, het die voertuie-rekening bestaan uit vier afleweringsvoertuie wat op 1 Maart 2010 aangekoop is, almal teen dieselfde kosprys.
- Op 1 November 2014, is 'n voertuig op krediet verkoop teen 'n verlies van R4 200.
- Op 1 Desember 2014 is addisionele toerusting aangekoop.
- Voertuie word verminder teen 15% p.j. op kosprys en toerusting word verminder teen 20% p.j. op drawaarde.

C. **Verbandlening:**

- Die lening is op 1 April 2014 aangegaan om die nuwe gebou te koop.
- 'n Vaste maandelikse paaiement (rente uitgesluit) is teen die leningsrekening betaal. Hierdie betalings was 'n totaal van R159 500 vir die afgelope finansiële jaar.
- Die paaiement sal na verwagting onveranderd gedurende die volgende finansiële jaar bly.

Kopiereg voorbehou

D. **Aandelekapitaal:**

- Op 1 Maart 2014 was 80% van die gemagtigde aandelekapitaal uitgereik.

- Op 1 November 2014 is 120 000 addisionele aandele teen R6,80 per aandeel uitgereik.

- Op 26 Februarie 2015 het die maatskappy 50 000 gewone aandele uit die boedel van oorlede K. Ramza, teen R7,00 per aandeel teruggekoop. Daar is vasgestel dat Mnr. Ramza hierdie aandele op verskillende tye deur die afgelope jare het op die effektebeurs (JSE) aangekoop.

E. **Inkomstebelasting** is teen 28% van die netto wins bereken.

F. **Dividende:**

- 'n Finale dividend van 32 sent per aandeel is verklaar op 27 Februarie 2015. Alle aandeelhouers (insluitend die aandeelhouers van wie die aandele teruggekoop is) kwalifiseer vir finale dividende.

70

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: KONTANTVLOEI EN INTERPRETASIE (60 punte; 36 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Pixie Bpk vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015.

OPDRAG:

4.1 Bereken die volgende bedrae soos hulle in die Kontantvloeistaat sal verskyn. Toon alle bewerkings om deelpunte te kan verdien.

4.1.1 Dividende betaal (5)

4.1.2 Inkomstebelasting betaal (4)

4.1.3 Vaste bates aangekoop (5)

4.1.4 Totale kontant spandeer op beleggingsaktiwiteite (4)

4.1.5 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

4.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015: Rond berekeninge af tot EEN desimale punt (waar nodig).

4.2.1 Tydperk van voorraad voorhande (4)

4.2.2 Gemiddelde debteure-invorderingstermyn (6)

4.2.3 Skuld/ekwiteitsverhouding (3)

4.3 Lewer kommentaar oor die bestuur van voorraad (handelsvoorraad). Haal TWEE relevante finansiële aanwysers (met syfers) in jou antwoord aan. (6)

4.4 Word debiteure en krediteure effektief bestuur? Verduidelik. Haal relevante finansiële aanwysers en/of syfers in jou antwoord aan. (6)

4.5 John Cann (jou vriend) wil aandele in die besigheid koop. Hy gee vir jou die finansiële aanwysers van Vivi Traders Bpk., ('n ander maatskappy wat in dieselfde industrie as Pixie Bpk. handel dryf) en vra jou advies.

Verduidelik jou antwoorde op die volgende vrae. Vergelyk en haal relevante finansiële aanwysers (syfers, verhoudings of persentasies) van beide maatskappye aan, in elkeen van die gevalle, om jou verduidelikings te staaf.

4.5.1 Lewer kommentaar oor die verdienste per aandeel (VPA), die dividend per aandeel (DPA) en die opbrengs op aandeelhouersekwiteit vir beide maatskappye. (6)

4.5.2 Lewer kommentaar oor die finansiële hefboom van beide maatskappye. Verduidelik watter maatskappy maak meer gebruik van lenings en sê ook of dit 'n goeie idee is of nie, vir daardie maatskappy. (4)

4.5.3 Kyk na die markwaarde van die aandele asook die netto batewaarde per aandeel. Watter advies het jy vir John Cann in verband met 'n belegging in een van hierdie maatskappye? (3)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

A. **Inligting geneem uit die Inkomstestaat op 30 Junie 2015.**

Verkope	1 984 000
Koste van verkope	1 452 000
Waardevermindering	64 000
Rente uitgawe	72 000
Netto wins voor inkomstebelasting	257 400
Inkomstebelasting	75 600

B. **Inligting geneem uit die Balansstaat**

	30 Junie 2015	30 Junie 2014
Nie-bedryfsbates	**1 665 400**	**1 321 500**
Vaste bates	1 505 400	1 201 500
Finansiële bates	160 000	120 000
Bedryfsbates	**270 100**	**196 500**
Voorraad (Handelsvoorraad)	176 000	120 200
Handels- en ander ontvangbare bedrae (Handelsdebiteure)	70 200	65 500
SAID: inkomstebelasting	-	8 800
Kontant en kontantekwivalente	23 900	2 000
Totale bates	**1 935 500**	**1 518 000**
Aandeelhouersekwiteit	**1 006 800**	**843 000**
Gewone aandelekapitaal	950 000	800 000
Behoue inkomste	56 800	43 000
Nie-bedryfslaste	**740 000**	**520 000**
Bedryfslaste	**188 700**	**155 000**
Handels- en ander betaalbare bedrae	110 200	95 500
Aandeelhouers vir dividende	66 000	42 000
SAID: inkomstebelasting	12 500	-
Oortrokke bank		17 500
	1 935 500	**1 518 000**

C. **Aandelekapitaal en dividende.**

Die maatskappy het ŉ **gemagtigde aandelekapitaal** van 500 000 gewone aandele. Op 30 Junie 2015 was daar 300 000 uitgereikte aandele. Addisionele aandele is teen R3,00 elk op 31 Augustus 2014 uitgereik. Alle uitgereikte aandele is op interim en finale dividende geregtig.

ŉ Interim dividend is op 2 Januarie 2015 betaal.
ŉ Finale dividend is op 27 Februarie 2015 verklaar.

D. Addisionele vaste bates is gedurende die finansiële jaar aangekoop. ŉ Ou voertuig is gedurende die jaar teen boekwaarde (drawaarde) van R23 500 verkoop.

E. Kredietverkope bedra 40% van totale verkope.

Kopiereg voorbehou

F. **Die volgende aanwysers is op 30 Junie bereken:**

	30 JUNIE 2015	30 JUNIE 2014
Bedryfsverhouding	1,43 : 1	1,27 : 1
Vuurproefverhouding	0,5 : 1	0,49 : 1
Voorraadomsetsnelheid	9,8 keer	11 keer
Tydperk van voorraad voorhande	**?**	33 dae
Debiteure invorderingstermyn	**?**	38 dae
Krediteure betalingstermyn	65 dae	62 dae
Graad van solvensie	2,08 : 1	2,25 : 1
Skuld/ekwiteitsverhouding	**?**	0,62 : 1
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	21,2%	22%
Opbrengs op aandeelhouersekwiteit	19,7%	24%
Verdienste per aandeel (VPA)	63 sent	72 sent
Dividende per aandeel (DPA)	56 sent	52 sent
Huidige rentekoers op lenings	11%	10,5%

G. Finansiële aanwysers van Vivi Traders Bpk vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015 in vergelyking met Pixie Bpk soos hierbo.

	Pixie Bpk	Vivi Traders Bpk
Markprys per aandeel (JSE)	345 sent	315 sent
Netto batewaarde per aandeel (NBWPA)	335 sent	342 sent
Verdienste per aandeel (VPA)	67 sent	92 sent
Dividende per aandeel (DPA)	56 sent	46 sent
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	22%	10,8%
Opbrengs op aandeelhouersekwiteit	21%	9,6%
Skuld/ekwiteitsverhouding	?	0,52 : 1
Bedryfsverhouding	1,43 : 1	4 : 1
Vuurproefverhouding	0,5 : 1	1,6 : 1

60

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: BTW EN REKONSILIASIES (50 punte; 30 minute)

BTW

5.1 **Beantwoord die volgende vrae in die ruimte in jou ANTWOORDEBOEK voorsien. Skryf slegs die antwoord teenoor die vraagnommer neer.**

5.1.1 Waarvoor staan BTW? (1)

5.1.2 Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is.

(a) Alle goedere en dienste is onderworpe aan BTW teen die standaardkoers.
(b) Dit is verpligtend vir alle besighede om vir BTW te registreer. (2)

5.1.3 Kies die korrekte antwoord uit die alternatiewe wat voorsien word:

BTW wat betaal word deur 'n besigheid wanneer goedere aangekoop word, is (inset BTW / uitset BTW). (1)

5.2 **Die volgende inligting verskyn in die boeke van Lucky Stores vir die BTW-periode wat eindig op 30 Junie 2015 (twee maande). BTW van 14% is van toepassing.**

OPDRAG:

5.2.1 Bereken die totale kredietverkope vir die tydperk (BTW uitgesluit). (2)

5.2.2 Neem die foute en weglatings in ag en bereken die bedrag wat betaalbaar is aan, of ontvangbaar is van, SAID vir BTW. (11)

5.2.3 Die interne ouditeur het deur 'n ewekansige toets, ontdek dat die eienaar, Joe, nie die volle bedrag verskuldig aan SAID op die sperdatums betaal nie. By navrae het Joe gesê dat hy die geld het op die besigheid spandeer.
- Watter advies het jy vir Joe in verband met hierdie gebruik? (3)

INLIGTING:

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Junie 2015, R9 889.

B. **BTW bedrae vanuit die joernale:**

BTW ontvang van kontantverkope	KOJ	19 800
BTW op kredietverkope	DJ	12 320
BTW op handelsvoorraad gekoop	KJ	13 356
BTW op terugsendings vanaf debiteure	DAJ	672
BTW op goedere deur eienaar geneem vir eie gebruik	AJ	91
BTW op debiteure se rekeninge wat afgeskryf is	AJ	63

C. **Die volgende foute en weglatings is opgemerk:**

- Kontantverkope (BTW ingesluit) vir hierdie tydperk was R141 930. Die BTW-bedrag hierbo (KOJ) is verkeerd bereken.
- Die BTW op korting toegestaan aan debiteure, beloop R1 260 en is nie in die besigheid se boeke aangeteken nie.
- 'n Faktuur vir R850 (BTW uitgesluit) vir skryfbehoeftes op krediet aangekoop, is nie in die betrokke joernaal aangeteken nie.

Kopiereg voorbehou

5.3 KREDITEUREREKONSILIASIE:

MJ Winkels koop goedere op krediet van Braeside Handelaars. Jy word voorsien van inligting uit die rekords van MJ Winkels vir Oktober 2014.

OPDRAG:

Gebruik die tabel wat voorsien is en dui aan watter veranderinge aangebring moet word op die staat ontvang vanaf die krediteur, Braeside Handelaars en ook in Braeside Handelaars se rekening in die krediteuregrootboek van MJ Winkels. (9)

INLIGTING:

A. Die staat ontvang van Braeside Handelaars op 30 Oktober 2014 toon 'n uitstaande saldo van **R12 540**.

B. Die krediteuregrootboekrekening van Braeside Handelaars in die boeke van MJ Winkels toon dat slegs **R5 350** verskuldig is aan Braeside Handelaars op 31 Oktober 2014.

C. 'n Ondersoek het die volgende getoon:

i Terugsendings, aangeteken as R820 in die krediteuregrootboekrekening van Braeside Handelaars is aangedui as R280 op die staat ontvang. Die bedrag op die staat is korrek.

ii 'n Faktuur vir R4 200, ontvang van Braeside Handelaars, is deur die klerk van MJ Winkels verkeerdelik as 'n kredietnota, in die krediteuregrootboek aangeteken.

iii 'n Faktuur ontvang van Braeside Handelaars is korrek aangeteken as R4 400 in die krediteuregrootboekrekening van Braeside Handelaars in die boeke van MJ Winkels, maar die staat toon hierdie bedrag aan as R400.

iv 'n Betaling van R5 000 deur MJ Winkels gemaak verskyn op die staat ontvang. Die staat toon ook 'n korting van R250 vir vroeë betaling. MJ Winkels het nie die korting in die krediteuregrootboek aangeteken nie.

v 'n Betaling van R2 500 aan Braeside Handelaars op 27 Oktober 2014 verskyn nie op die staat nie, omdat die staat vroeg afgesluit is.

Kopiereg voorbehou

5.4 DEBITEUREREKONSILIASIE

Jy word voorsien van inligting aangaande Marlin Handelaars vir Julie 2015.

OPDRAG:

5.4.1 Noem TWEE stappe wat die boekhouer moet volg wanneer hy/sy 'n verskil tussen die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys ontdek. (2)

5.4.2 **Verwys na Inligting A**.
Toon die effek van die foute en weglatings op die Debiteurekontrole-rekening in die Algemene grootboek en op elke debiteur se rekening in die Debiteuregrootboek. (Voltooi die tabelle wat voorsien is.) (11)

5.4.3 **Verwys na Inligting B. (Debiteure se ouderdomsanalisie)**

(a) Verduidelik waarom jy oor die bestuur van debiteure in die besigheid bekommerd is. Haal relevante syfers in jou antwoord aan. (4)

(b) Verduidelik TWEE interne kontrole-maatreëls wat die besigheid kan gebruik om die invordering van gelde van debiteure te verbeter. (4)

INLIGTING:

A. **Foute en weglatings:**

i	Die totaal van die Debiteureafslagjoernaal is met R120 te min opgetel.
ii	Handelsvoorraad op krediet verkoop aan M. Mouse is verkeerdelik in die betrokke joernaal ingeskryf as R890 in plaas van R980 en so na die debiteuregrootboek oorgeboek.
iii	Rente van R75 moet op D. Duck se agterstallige rekening gehef word.
iv	'n Tjek van R530, ontvang van K. Chicken, is deur die bank teruggestuur, gemerk V/T. Geen inskrywings is vir hierdie transaksie gemaak nie
v	Goedere verkoop aan F. Fox vir R1 320 is verkeerdelik ingeskryf in die rekening van M. Mouse. Die inskrywing in die joernaal is korrek.
vi	'n Kwitansie uitgereik aan M. Mouse vir R650 is korrek ingeskryf in die joernaal, maar na die debiteuregrootboekrekening oorgeboek as R600.

B. Op 31 Julie 2015 was die debiteure se ouderdomsanalise as volg:

Kredietterme: 30 dae min 5% korting.

TOTAAL	LOPEND	30 – 60 DAE	61 – 90 DAE	MEER AS 90 DAE
23 180	4 636	6 954	9 272	2 318

50

VRAAG 6: VOORRAADWAARDASIE EN PROBLEEMOPLOSSING

(35 punte; 21 minute)

Die gegewe inligting kom uit die boeke van Phelix Handelaars. Die eienaar van die besigheid is Max Phelix. Hulle verkoop een tipe skootrekenaar. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2014.

OPDRAG:

6.1 **Verwys na Inligting A en B:**
Bereken die waarde van die sluitingsvoorraad deur gebruik te maak van die eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode van voorraadwaardasie. (10)

6.2 Bereken die koste van verkope van die skootrekenaars wat verkoop is. (6)

6.3 Max wil die metode waarvolgens hy voorraad waardeer na die geweegde gemiddelde metode of die spesifieke identifikasie-metode verander.

- Hoe sal ’n verandering in beleid die finansiële verslagdoening van die besigheid beïnvloed? Gee EEN verduideliking. (2)

6.4 Watter advies het jy vir Max in verband met sy bemarkingstrategie en sy prysbeleid, as jy die tegnologie-mark in aanmerking neem? Voorsien TWEE feite. (4)

INLIGTING:

A.

	AANTAL EENHEDE	EENHEID SPRYS (R)	Vervoer-koste per eenheid	TOTAAL (R)
Voorraadsaldo op 1 Maart 2013	15	3 400		51 000
Totale aankope vir die jaar:	**62**			**329 360**
Mei 2013	12	4 250	230	53 760
Augustus 2013	20	4 740	250	99 800
November 2013	14	5 520	260	80 920
Januarie 2014	16	5 650	280	94 880
Eenhede teruggestuur aan verskaffers *	7	?		?
Voorraadsaldo op 28 Februarie 2014	17	?		?

B. *** Eenhede teruggestuur aan verskaffers:**

- 3 eenhede van die Augustus-aankope is teruggestuur omdat hulle nie volgens die bestelling was nie.
- 4 eenhede van die Januarie-aankope is teruggestuur as gevolg van geringe skade tydens die vervoerproses opgedoen.
- In albei gevalle is die vervoerkoste deur die besigheid gedra.

C. Skootrekenaars word verkoop teen ’n vaste verkoopprys van R7 500 elk.

Kopiereg voorbehou

6.5 PROBLEEMOPLOSSING

Siddie Handelaars Bpk. het DRIE takke by gewilde winkelsentrums en verkoop een soort kookware.

Alhoewel die besigheid 'n wins maak, is Siddie oor die winsgewendheid van elke tak bekommerd. Sy het besluit om ondersoek in te stel en verskaf die inligting hieronder, vir Junie 2015 (een maand).

OPDRAG:

6.5.1 Identifiseer 'n verskillende probleem (met relevante syfers) in elkeen van die takke. (6)

6.5.2 Identifiseer EEN tak wat Siddie moet oorweeg om te sluit. Voorsien 'n geldige rede vir jou keuse. (3)

6.5.3 Gee vir Siddie EEN voorstel hoe om die probleem wat in VRAAG 6.5.1, vir die ander takke geïdentifiseer is, op te los. (4)

INLIGTING:

Die winkels is 7 dae per week oop.

Gewone tye is van 8:30 vm. tot 4:30 nm, Maandae tot Vrydae.
(160 ure per maand)

Oortyd is van 4:30 nm tot 6:30 nm Maandae tot Vrydae en van 9:30 vm. tot 12:30 nm gedurende naweke (56 ure per maand).

Oortyd-salaristarief is 1,5 keer die gewone tarief.

	MENLYN TAK	**MOORTON TAK**	**VINCENT TAK**
Verkoopspersoon (ouderdom)	Sally (42 jaar)	Tim (27 jaar)	John (62 jaar)
Voorraad voorhande (1 Junie 2015)	50 eenhede	50 eenhede	50 eenhede
Verkoopprys per stel	R4 200	R4 200	R4 200
Stelle verkoop	42	36	22
Stelle teruggebring	5	12	1
Kredietverkope	R54 600	R88 200	R21 000
Deposito's van kontant-verkope	R79 800	R12 600	R67 200
Ure gewerk (gewone tyd)	154 ure	117 ure	102 ure
Oortyd ure	20 ure	52 ure	2 ure
Huuruitgawe (per maand)	R6 000	R8 000	R5 500

35

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou